CURAMUS

VERENIGING VIR TUISONDERWYS / ASSOCIATION FOR HOME SCHOOLING

Notules van die Algemene Jaarvergadering
Datum: Saterdag 13 November 2004
Tyd: 14h00
Waar: Die Kerksaal van die NG Gemeente Wierdapark
Piet Hugostraat, Centurion.

1. **Opening**

Almal is welkom geheet deur die voorsitter, Rudi Coertzen.

2. **Byvoegings tot sakelys**

'n Mosie vir die vermindering van ledegeld is ingedien en tot die sakelys gevoeg.
Die sakelys vasgestel. Dit is genomineer en gesekondeer.

3. **Presensielys en verskonings**

Twee Verskonings is ingestuur.

4. **Notule van Spesiale vergadering : 31 Oktober 2003**

Die notule word goedgekeur.
Die voorsitter het die notule in Engels vertaal en gelees vir diegene wat nie die Afrikaans kon verstaan nie.

5. **Sake voortspruitend uit die notule**

Joe Botha dien 'n mosie in vir die vermindering van ledegelde. Karin van Oostrum sekondeer die mosie. Dit behoort meer lede in staat te stel om lid te word.

Carlos Tavaris stel voor dat die VTO eers moet bepaal wat sy missie en beleid gaan wees, voor ledegelde bepaal word.

Rudi Coertzen stel dat VTO 'n politieke rol het om te speel en ook kan help om ondersteuningsgroepe te stimuleer.

Leendert van Oostrum stel dat die VTO die regte van ouers behoort te beskerm om hulle kinders volgens hulle eie oortuigings te onderrig. Fokus behoort daarom op toegewydheid geplaas word, en nie soseer op aantal lede nie.

Karin Fouche stel dat die VTO tans net genoeg inkomstes het om sy uitgawes te dek. 'n Vermindering in die inkomste kan tot finansiële probleme lei.

Daar word gestem. Vir mosie : 3. Teen mosie : 10. Die mosie word afgewys.

6. **Finansiële verslag**

Bouwe van der Eems gee die Finansiele Verslag. Die fokus van die VTO was hierdie jaar om kostes te verminder en meer effektief te word. Om kostes te verminder is besluit om die nuusbrief elektronies uit te stuur en die projek om 'n webgebasseerde ledestelsel te ontwikkel te staak. Om meer effektief te word is besluit om die boekhouding met 'n Pastel pakket te doen, en betaling van ledegelde slegs in Oktober te doen.

Die verslag word aanvaar.

7. **Sekretarisverslag**

Lorrainne van Dyk gee die Sekrataris Verslag. Die verslag word aanvaar.

8. **Voorsittersverslag**

Rudi Coetzen lees die voorsitter verslag. Die verslag word aanvaar.

Bouwe van der Eems stel dat VTO ook betrokke was by vergaderings met Gauteng Departement van Onderwys. ‘n Persverklaring is vrygestel. ‘n Brief van die sekretaresse was in Beeld geplaas.

Leendert van Oostrum dien ‘n mosie in om uittredende bestuur te bedank. Die mosie word aanvaar.

9. **Verkiesing van Bestuur**

Bouwe van der Eems word voorgestel vir voorsitter. Voorstel word gesekondeer en aanvaar.

Francois van Deventer word voorgestel vir tesourier. Voorstel word gesekondeer en aanvaar.

Lorrainne van Dyk is bereid om aan te bly as sekretaresse.

10. **Verslag van vergaderings wat gehou is met die Gauteng Onderwysdepartment: Mnr LE van Oostrum**

Die Gr. 9 vraestel (Afr. 2de taal) word deurgewerk. Die kennis wat getoets word in die vraestel is uiters triviaal. Inhoud het ’n ideologiese lading. Die doel van die vraestel is dus nie om kennis te toets nie, maar om aanvaarding van ideologie te toets.

Die Grondwet gee aan die staat ‘n sekere mag t.o.v. die onderwys. (Minimum standaard)
Met die SA Skolewet van 1996 eien die staat hom nog meer magte toe. (Minimum vereistes van kurrikulum + registrasie moet in belang van kind wees volgens amptenaar)
Met die Wetswysigings van 2002 eien die staat hom nog meer magte toe (Nasionale assesering)
Met Regulasies en Beleide eien die staat hom nog meer magte toe (Beleid oor Godsdiensonderwys)
In die optrede van amptenare eien die staat hom nog meer magte toe (Tuisbesoeke)
Al hierdie magte wat die staat toe-eien buite die die grondwet, is onwettig.

As gevolg hiervan het Departement van Onderwys 39 uit 40 hofsake oor staatskole verloor. Die Departement van Onderwys weet dit, en sal dus hofsake vermy. Solank die Pestalozzi Trust bestaan, sal Departement nie tuisskolers vervolg nie.

Die CEPD (Centre Education Policy Development) ontwikkel onderwys beleid vir die ANC. Hulle kry fondse van VSA, Kanada en Nederland. John Pampalis was in beheer van die ontwikkeling van die kurrikulum. Nou is hy in beheer geplaas van asessering. Die fokus van die Departement is nou om beheer oor onderwys te kry deur assessering.

Hierna het ‘n bespreking gevolg oor die rol wat die VTO kan speel in hierdie veranderde omgewing.

11. **Afsluiting**

Voorstel om nuwe bestuur mag te gee om ledefooie te heroorweeg. Die heroorweging word goedgekeur. Dit moet egter gedoen word d.m.v. ‘n spesiale jaarvergadering.

Bouwe van der Eems het die bestaande voorsitter bedank vir sy werk in die afgelope jaar. Rudi Coertzen sluit die vergadering af met gebed.

GETEKEN

VOORSITTER TESOURIER